



BOODSKAP VAN DIE SKOOLHOOF

Geagte Ouers

Graag wil ek my dank uitspreek teenoor elke leerder, ouer en personeel vir 'n baie besige jaar, maar 'n hoogs suksesvolle jaar. 'n Jaar waar ons die 80ste bestaansjaar van die skool met oorgawe gevier het.

In die Jubileumblad van 50 jarigeherdenking word daar as volg geskryf: " 'n Terugblik: Die ontstaan van 'n reus. Die Hoërskool Bellville se etos is gefundeer op trots, respek en bepaalde beginsels." Hierdie trots het reeds in 1937 ontstaan toe die eerste skool in die geboue waar die polisiekantoor vandag in Voortrekkerstraat staan, betrek is. Onder mnr. Grove (Die eerste skoolhoof) se leiding, harde werk en toewyding het 'n skooltjie op 25 Januarie 1937 in die teenwoordigheid van 40 tal ouers en 33 leerders, 'n vlam aangesteek in die harte van mense. Vanaf die klein begin het die vlam gegroei tot 'n skool van 1140 leerders met 'n moderne skoolgebou en terrein en 'n groot getal oudleerders. Hierdie vlam is weer aangesteek toe al die leerders van die Hoërskool Bellville in 2017, in ons tagtigste bestaansjaar, weer aan 'n geskiedkundige optog deelgeneem het vanaf die ou na die nuwe skool. Watter skool in Suid-Afrika kan spog dat hy drie skoolgeboue gehad het en 3 skoolwapens.

Daarom is dit belangrik dat hierdie waardes en tradisies vir die nageslag behoue bly. Dit is nie meer moontlik vir skole om alles op sy eie te doen nie. 'n Hegte band is nou meer as ooit tevore nodig tussen die skool se oudbond, leerders, ouers en personeel. Die skool en die beheerliggaam het net soos al die voorgangers ook drome.

Akademie, tenvolle toegeruste E-leer klaskamers
Interaktiewe argief en helde gallery
Opgradering van die Voorportaal
Kultuursentrum
Studeerarea en kafeteria
Opgradering van badkamers vir personeel en leerders

Les bes die opgradering van die atletiekbaan en pawiljoenarea.
In die skool se tagtigjarige bestaansjaar het ek egter net op nuut besef dat dit waaroor dit werklik gaan, meer is as net die die skool se fasiliteite.

'n Kind sal gelukkig wees in die Hoërskool Bellville omdat hy geborge gaan voel en omdat 'n kind sal ontwikkel, ongeag hul potensiaal. So het die jaar afgeskop met die verjaardagvieringe in die NG Gemeente La Rouchelle met die Con Spirito Koor(oud Bellville Koor van 1996) o.l.v. Johan Starker

Waar Tafelberg sy skadu's werp
van kruine groot en skerp.

Die verjaardagvieringe word voorgesit met die massaoptog vanaf die ou skole na die nuwe skool. En word afgesluit met die aansteek van die verjaarsdagvlam by die skool.

Aan Kaapse Vlak se noordegrens-
Die vrug van hartewens.....
Pryk stewig soos 'n vaste rots
ons Alma Mater trots.

Die Saterdag na die verjaardagvieringe word die hoofseuns- en meisies van die afgelope 80 jaar by 'n luisterryke funksie onthaal. Ou bande word gesmee en dr. Dennis Worrall (Hoofseun 1956) tree as gaspreker die aand op.

Waar opgelei word in Sy krag
die jeug van nageslag.....

Dit is met sulke geleenthede dat jy besef watter waarde die Hoërskool Bellville vir sy leerders inhou. Nêrens kan 'n mens sulke trots, tradisie en passie koop nie. Dit is 'n natuurlike verskynsel van gelukkige kinders met goeie harte.

Die jaarlikse sportdag word afgeskop met 'n funksie by die Altydgedacht Wynlandgoed waar ons sportsterre onthaal word en Benita van Zyl, ons eie SA Netbalkaptein, ons toespreek.

Die Bellville Hoërskool wil trag
Met woord en daad en in gedrag.
By werk en spel vandag tot dag.

Die derde kwartaal word op 'n hoë noot afgeskop met die tagtigjarige vieringe met die feeskonsert waar 500 leerders van die skool op die verhoog optree. Die orkes en koor o.l.v. Riaan van Wyk lewer 'n uitmuntende optrede van die feesproduksie "Die Wonderklip"

Sy plig te doen met 'n vrolike lag
Sy plig te doen met al sy mag'

Die vieringe word afgesluit met die die opening van die die nuwe Astrokompleks (Astrobaan/Mini-Astro/Gimnasium).

Uitnemendheid, Diensbaarheid, Integriteit en Menswaardigheid is nie 'n daad by die Hoërskool Bellville nie, maar 'n gewoonte - dit besef ek toe ek die aand na die onthaal terugstap en terugkyk oor die pragtige kompleks.

Graag wens ek die hele Bellville gemeenskap (oud-leerders, leerders ouers en personeel) 'n vreugdevolle Christusfees en 'n voorspoedige nuwejaar toe.

Paratus ad Omnia

Deon du Plessis
SKOOLHOOF



**GEEN LEERDERS MAG GEDURENDE DIE VAKANSIE
DIE KRIEKETNETTE OF DIE ASTRO GEBRUIK NIE.
Instruksies sal volgende jaar deurgegee word.**

AKADEMIE

Die graad 12-eindeksamenuitslae word 5 Januarie 2018 aan skole verskaf en leerders kan om 12:00 hul uitslagadvies by die skool kom afhaal. Die uitslae sal die volgende dag in die koerant verskyn en kan ook op die WKOD se webtuiste gevind word.

Aangesien leerders, wat tans in die skool is, reeds handboeke vir 2018 ontvang het, sal ons aan die begin van die eerste kwartaal 2018 dadelik begin werk. Leerders wat nog nie al hul uitstaande handboeke ingelewer het nie, moet dit asseblief die eerste dag bring sodat hulle handboeke kan ontvang. Indien 'n boek wat aan die leerder uitgeskandeer is, verlore geraak het, moet die leerder, wat reeds die handboekfooi vir die jaar betaal het, die vervangingswaarde van die boek betaal voordat hy/sy handboeke vir 2018 kan ontvang. Aan die begin van die eerste kwartaal sal die skryfboeke uitgedeel word en tekorte van sekere handboeke sal aangevul word.

Volgende jaar sal ons voortgaan met die inisiatief om leerders se lees- en wiskundige-vaardighede te verbeter. Daar sal voorgegaan word met die "Cami"-wiskunde- en die "Readers are Leaders"-programme. Leerders sal in 2018 geëvalueer word en remediërende klasse sal aangebied word. Hierdie klasse sal na skoolure verpligtend wees vir geïdentifiseerde leerders. Ons doen 'n ernstige beroep op ouers/voogde om die verantwoordelikheid te neem en seker te maak dat leerders hierdie sessies bywoon. Ons beklemtoon ook die belangrikheid van lees vir akademiese groei en nooi alle leerders uit om gebruik te maak van die biblioteek waar 'n groot verskeidenheid boeke beskikbaar is. Samewerking tussen die skool en ouerhuis is noodsaaklik om te verseker dat alle leerders hulle potensiaal bereik.

Ongelukkig het probleme met die rekenaarnetwerk die daaglikse funksionering van die programme vanjaar bemoeilik. 'n Veselkabelverbinding is nou geïnstalleer en die rekenaar-hoofbedieners is opgegradeer.

Baie geluk aan almal wat gedurende 2017 hard gewerk het en trots kan wees op wat hulle bereik het.

"Thinking Schools"

Volgens terugvoering van Thinking Schools SA en ander skole wat reeds heelwat langer die program volg, het die Hoërskool Bellville gedurende 2017 besonder goed gevaar met die implementering van dié program. Ons gaan gedurende 2018 voort met die program en sal ook ander aspekte van die program ondersoek.

KLEREBANKTYE

DATUM: 15 – 18 JANUARIE 2018

Oggend: 07:30 – 09:00

Middag: 14:00 – 15:00

VIR DIE RES VAN DIE JAAR:

MAANDAE EN WOENSDAE: 14:00 – 15:30

LEERDERLEIERS 2018

Die leerderleiers van die Hoërskool Bellville het 'n baie suksesvolle jaar agter die rug en die nuutverkose leiers vir 2018 het hulle voorberei vir 2018 by die Leierskamp wat gehou is 30 November tot 1 Desember 2018. Daar was opwindende sake op die agenda soos, uitreikaksies, sosiale geleenthede en hoe om bestaande waardes in Hoërskool Bellville te vestig. Daar is ook beplan vir die MTBS en interskole. Die Sosiale Komitee sien daarna uit om weer 'n Seniorbal (Gr. 10-12), en 'n Winterbal (Gr. 8 en 9) aan te bied. Baie belangrik op die agenda is die organisering van die Gr. 8-oriëntering om ons nuwe welpies welkom te laat voel in die hoërskool en hulle voor te berei vir hulle nuwe lewensfase.

Uiters belangrike datums is die Ope-aand vir voornemende Gr. 7's op Donderdag, 1 Maart en die Gr. 7 Hoofleierbraai op Dinsdag, 20 Februarie 2018. Die leiers sal dit waardeer indien u as ouers dit aan familie, vriende en kollegas bekend maak.



PERSENEEL NUUS

Die volgende personeel verlaat ons aan die einde van die jaar: Me. N Brink (LO), me. S Loubser (Afrikaans), me. Z Cronjé (Engels), dr. Johan Anker (Afrikaans) en me. D Mckenzie (Skeppende Kuns). Ons wens hulle alles van die beste toe.

Ander nuus:

- * Mnr. A Molnar het 'n baie dogtertjie ryker geword.
- * Me. V van Tonder se pa is oorlede.

Die volgende personeel sluit in 2018 by ons aan:

- * Me. S Botha – Afrikaans
- * Me. H Pretorius – Afrikaans
- * Me. C Brink – Afrikaans
- * Me. C Matthee – Engels
- * Mnr. L Franken – (Hulp in Gimnasium)
- * Mnr. H Labuschagne (Internskap)
- * Me. B Klopper - Afrikaans



SKOOLDRAG EN VOORKOMS

'n Vriendelike, dog baie ernstige, versoek is dat u as ouer/voog sal toesien dat u kind se skooldrag en voorkoms op die **eerste dag** van die nuwe skooljaar, volgens die gedragskode van die skool sal wees. Ons gaan baie streng optree teenoor leerders wat nie die voorgeskrewe reëls nakom nie. **Indien leerders nie op die eerste dag volgens die gedragskode geklee is nie, sal die leerder nie tot die skool toegelaat word nie en sal u as ouer/voog gekontak en versoek word om u kind te kom haal.**

Aanhalings uit die gedragskode waarna u veral moet oplet:

Skooldrag (Somer)

Seuns:

Vlootblou skoolbaadjie (opsioneel) met skoolwapen, wit kortmouhemp met skoolwapen, (hempskraag oor baadjiekraag indien die baadjie gedra word), grys broek (kort of lank) met swart lyfband met klein gespe. Die hemp moet te alle tye ingesteeke wees. Skoolkouse met ingebreide skoolkleure.

Truie mag nie alleen gedra word nie, maar die skooloor-trektrui wel.

Swart poleerbare toerygskoene (nie sweedseleerskoene, sportskoene, skerppuntskoene, velskoene, hoëhakskoene of stewels nie) met grys skoolkouse met ingebreide skoolkleure.

Meisies:

Vlootblou skoolbaadjie (opsioneel), donkerblou tetrexrok sonder gordel, wit kortmouhemp met oopslaankraag (hempskraag oor baadjiekraag, indien die baadjie gedra word), kort wit sokkies met ingebreide skoolkleure, swartleer plathak-, oprygskoene of skoene met een bandjie.

Truie mag nie alleen gedra word nie, maar die skooloor-trektrui wel.

MERK ASB. U KIND SE KLERE DUIDELIK!

Algemene voorkoms

Seuns:

Hare : netjies geknip- kuif mag nie raak aan wenkbroue nie, hare nie oor ore of op kraag nie; skoon; **kleur – natuurlik**; geen jel om reëls te omseil nie, hare volgens die vorm van kop. Die hare moet van bo na onder geleidelik korter gesny word sodat 'n "undercut" en "step" vermy word. Geen sonstrepe ("highlights of "low lights") is toelaatbaar nie.

Baard: skoon geskeer met geen bakkebaarde nie.

Juweliersware: geen

Meisies:

Hare: kuif nie in oë nie, hare vasgebind indien dit aan die kraag raak met swart of navy linte of rekkies; hare skoon; **kleur – natuurlik**; **geen los slierte nie**; geen jel om reëls te omseil nie, geen ligstrepies of ander kleure in die hare nie.

Naels: kleurlose naellak; naels nie langer as vingerpunte nie.

Juweliersware: slegs oorbellekies van goud of silwer (nie groter as 2 mm nie en géén steentjies in nie) of klein ooringe (slegs een in elke oorle en in die onderste gaatjie.)

TASSE

Die boektas is deel van 'n leerder se skooluniform en moet dus netjies vertoon. Slegs die blou Hoërskool Bellville boektas mag gebruik word.

Indien 'n nuwe tas aangekoop of vervang moet word, kan die Hoërskool Bellville boektas teen R250 bestel word by ontvangs. Geen graffiti word op tasse toegelaat nie. Slegs die leerder se naam en graad mag daarop voorkom.

BELANGRIKE DATUMS

18 Jan.	Gr. 8-Atletiek
17 Jan.	Skole heropen
19 Jan.	Koor- en MTBS-dirigente oefenkamp
22 Jan.	Kleurbyeenkoms
25 Jan.	Skool verjaar
26 Jan.	Orkeskamp
30 Jan.	Gr. 9 – 12 Oriëntering nuwe leerders
2 Feb.	Norman Hauzer Atletiekbyeenkoms
7 Feb.	MTBS paviljoene Bellville Stadion
9 Feb.	MTBS
16 Feb.	Atletiek: Varsity skole Tennistoernooi Bredasdorp
17 Feb.	HFB Naweekkamp
21 Feb.	Atletiek: Hugenate Bloedskenking
22 Feb.	Akademie Prysuitdeling
23 Feb.	Nasionale Toneelspelkomp. Uitdunne begin Orkeskamp
28 Feb.	Individuele Foto's
1 Mrt.	Opedag Gr. 7;s 2019
2 Mrt.	Wêreldbiddag vir vroue Atletiek: Noordsone Kampioenskappe
3 Mrt.	Gr. 8 VCSV Avontuurkamp
5 Mrt.	Beheerligaamverkieping
7 Mrt.	Paul Roos Dinee
8 & 9 Mrt.	Kinderteater
9 Mrt.	Landloopkamp
20 Mrt.	Nuweland Rugbydag
21 Mrt.	Menseregtedag
23 Mrt.	Brackenfell Sportdag
24 Mrt.	Brackenfell Sportdag Netbal: Hoër Meisieskool Paarl Seniorbal Gr. 10 - 12
26 Mrt.	Orkes optrede: Somerset-Wes
27 Mrt.	Orkes optrede: Chrismar Villas
28 Mrt.	WP Nuweland Rugbydag Loopbaanuitstalling
30 Mrt.	Koor en Orkes Soirree
31 Mrt.	Skool sluit



KULTUUR

TONEEL

Ses graad 11-regisseurs het op 26 Oktober hulle produksies op die planke gebring. Die volgende toekennings is gemaak:

Beste stuk	Nood vir Dood (Damian de Villiers)
Beste regisseur	Damian de Villiers
Beste akteur	Bennie Gibbons
Beste aktrise	Andrea Alblas
Beste byspeler	Kyle Vermeulen
Beste byspeelster	Adri-Jo Waterboer
Beste nuweling-akteur	Roelf Mostert
Beste teks	Shaun Werth (Blye Tyding)
Prys vir Kreatiwiteit	JW Loubser

Een van die beoordelaars, Johan van Lill van RSG, het 'n insetel vir RSG Kuns gemaak en kan op Potgooi geluister word.

SAPIENS

Die vierde en laaste uitgawe van Sapiens vir hierdie jaar het onder leiding van die nuwe kernredaksie gebeur. Hulle is: Jané Baard (Hoof Redaktrise), Leandri Louw (Sub-redaktrise), Karla van der Merwe (Senior Redaktrise), Montana Mae Heyns (Junior Redaktrise) en Ané Louw (Junior Redaktrise). Baie geluk aan almal!

HANDS FOR A BRIDGE

Die Cape Town to Seattle toer in die Oktobervakansie was 'n baie geslaagde een. Alle reisigers het teruggekeer uit Seattle met baie stories en ervarings van hulle tyd daar. Hulle het hulle ondervindings gedeel met die HFB-lede van Bellville en Isilimela tydens ons afsluiting op Vrydag, 27 Oktober. Hierdie jaar se temas het Afrika, Ierland en die VSA uitgebeeld en ons het 'n heerlike kersete saam geniet. Daar is ook afskeid geneem van 'n baie groot groep Matriek-lede, baie waarvan al drie jaar lid is van HFB. Ons wens vir hulle alle voorspoed toe.

VCSV

Ons het teruggekom van die Transkei-uitreik met 'n groot verwagting vir dinge wat ons hoop en glo in die skool gaan verander. Gedurende die uitreik het ons besonderse dinge beleef hoe mense se lewens verander het. Ons het gedurende die kwartaal op Maandae die kringleiersvergaderings gehad en het 'n paar goeie sprekers by die skool gehad. Dianne van Arc Ministries het haar storie met die kinders kom deel en net so het ons ook een van ons eie leerders, Sean, gehad wat ook met sy mede-leerders gedeel het hoe sy lewe totaal verander het. Ons het ook Dinsdae tweede pouse saam gebid en Woensdagoggende die Woord met mekaar gedeel.

Dit was 'n baie stil kwartaal as gevolg van eksamen en tans is ons besig om die VCSV-kringleierskamp, graad 8-dag en die graad 8-kamp te beplan. Die kringleierskamp word volgende jaar tydens die naweek van 12 tot 14 Januarie te Kleinmond gehou. Ons sien regtig baie uit na wat 2018 vir ons inhou.

BLAASORKES

Die senior orkes se laaste groot optrede van die jaar was by die Gala-konsert waar die dirigent, Riaan van Wyk, ook sy 10 jaar by HS Bellville gevier het. Musiek van oor die laaste tien jaar, wat die orkes tot groot hoogstes gelei het, is aan die die gehoor oorgelaat om keuses te maak vir die konsert. Die *Phantom of the Opera* en *ABBA* was besliste treffers. Die drumline en die junior-orkes het ook deelgeneem en laasgenoemde het vir die eerste keer die pragtige *The Sound of Music*-keurspel uitgevoer waarna hulle by die seniors aangesluit het om vir oulaas YMCA uit te basuin.

SPORT

So word nog 'n kwartaal en jaar afgesluit met baie hoogtepunte. Hoe waar is die bekende idioom dat sukses alleenlik behaal kan word deur harde werk en deursettingsvermoë. Baie dankie aan elke leerder wat die kwartaal en jaar hard geoefen het op die oefenveld en tot op die einde voluit gespeel het tydens wedstryde. Baie geluk aan elke speler/speelster wat sy/haar doelwit die jaar bereik het. Elke leerder moet vir hom/haar 'n doelwit stel wat hy/sy gedurende die jaar wil bereik, iets waarna hy/sy toe werk of streef. Ons is baie trots op elke leerder wat die jaar provinsiale klere verwerf het en die skool en ons provinsie met trots verteenwoordig het.

Baie dankie aan elke afrigter en skakelpersoon vir die ekstra myl wat julle vir die skool en leerders geloop het. Dankie aan die afrigters wat leerders vergesel het op sporttoere. Dankie dat julle hierdie groot verantwoordelikheid op jul skouers geneem het om die Hoërskool Bellville se leerders meer blootstelling te gee, dit word opreg waardeer.

Baie dankie aan al die ouers en vriende van die Hoërskool Bellville wat ons spanne so getrou ondersteun het en deur dik en dun bygestaan het. Die Hoërskool Bellville en sy leerders waardeer al die ekstra onkoste wat u aangegaan het ten opsigte van u kind se sportontwikkeling. Sonder u ondersteuning op en van die veld sal dit baie moeilik wees.



Baie geluk aan die volgende leerders:

Senior sportman van die jaar: Dan Aspeling
 Senior sportvrou van die jaar: Caitlin Bradford
 Junior sportman van die jaar: Xavier Adams
 Junior sportvrou van die jaar: Corné Schreuder
 Beste prestasie in sport vir die jaar: Xavier Adams – SA 0.17
 sewesspan.

ATLETIEK

Dit was 'n baie besige kwartaal vir ons atlete. Verskeie medaljes is in die byeenkomste verower en die atlete het die vrugte gepluk van die voorseisoen se goeie oefening en kondisionering. Die atlete het regdeur die eksamen baie hard geoefen. Die jaar sluit af met ons jaarlikse atletiekkamp. Ons glo en vertrou dat die atlete die kamp geniet het en die vakansie sal oefen om die fiksheidvlak te behou. MTBS vind weer op Groenpuntstadion plaas. Dit moet elke atleet se mikpunt wees om die MTBS-span te maak. Daarom moet elke atleet regdeur die vakansie oefen en nie sy/haar fiksheidsvlakke laat daal nie.

KRIEKET

Die krieket het die kwartaal 'n besige paar weke beleef met uitklopwedstryde in die week en dan naweekwedstryde. Baie sterkte aan Ryno Kriel wat deelneem aan die 0.15 Nasionale Kriekettoernooi as deel van die WP 0.15-span.

TENNIS

Die 0.15 seuns en meisies het na Bredasdorp getoer en deelgeneem aan die Tennis 4 Jesus-toernooi en tweede in die plaat geëindig. Welgedaan aan almal wat getrou oefen.

RUGBY

Baie geluk aan Xavier Adams wat ingesluit is in die SA 0.17-sewesspan en Kyle Milford in die WP 0.17-sewesspan wat deelgeneem het aan die Internasionale Assupol 7's-toernooi. Die skool se 0.17-sewesspan het ook aan die toernooi in die skole-afdeling deelgeneem en die silwer medalje gewen. Baie geluk aan mnr. Molnar en sy span. Baie geluk aan Jaco Oosthuizen en Stefan Nortje wat tot die WP-Elite 0.15-oefengroep verkies is.

2018

Ons is baie opgewonde oor die **ASTRO** wat voltooi is en dat hokkiespelers nou tuis kan oefen en tuiswedstryde kan speel.

GRAAD 8'S - 2018

Ons is baie opgewonde oor die graad 8's van 2018. Ons het reeds al die leerders 'n kondisioneringstoets laat doen. Van die leerders het reeds ingeskakel by ons atletiek. Die krieketseuns het al 'n wedstryd gespeel en van die hokkiespelers was deel van die astro opening.

Daar was ook 'n paar rugby oefeninge en die seuns het baie potensiaal. Ons is baie opgewonde oor die sporttalent van 2018.

NUWE SPORT KODES

Boogskiet: Boogskiet sal van 2018 by die skool aangebied word. Ons het 'n privaatafrigter gekry wat die boogskiet op ons sportgronde sal afrig. Dit sal plaasvind in die aantreevierkant op 'n Dinsdagmiddag. Daar sal 'n koste van R350.00 per leerder per kwartaal betaalbaar wees om aan boogskiet deel te neem. Geen toerusting is nodig nie, die afrigter bring alles saam met hom. Ons is reeds ingeskryf in die skolekompetisie en bied ook 'n kompetisie aan op ons gronde die 28ste Junie 2018.

Swem: Swem gaan ons gebruik maak van Laerskool Excelsior se swembad op Dinsdae (16:30 – 17:30) en Woensdae (16:05 – 17:05). Quick Silver Swemakademie gaan die afrigters voorsien vir die swem.

Perdry: Perdry gaan as 'n skool sportkode herkenning. Leerders ry nog steeds by die verskillende ry skole.

Bergfiets: Ons beoog om 'n span/spanne in te skryf om aan die 4 SPUR Skoleliga wedrenne deel te neem in die 2de en 3de kwartaal.

Volgende jaar skop ons af met die kleuresport op Dinsdag, 23 Januarie 2018. Maak asb seker dat jy gedurende die vakansie oefen. Die MTBS -span sal na die byeenkoms gekies word. Na die welslae van ons atletiek by MTBS 2018 sien ons baie uit na 2018 se MTBS-byeenkoms op die 9de Februarie 2018. Ons het die geleentheid op die 2de Februarie om ons staal te toon tydens die Norman Hauzer byeenkoms.

Tenniswedstryde begin die week van die 22ste Januarie 2018, so maak seker jy slaan 'n paar balle die vakansie. Proewe s vind vir die graad 8's die eerste Saterdag van die kwartaal plaas.

Krieketproewe vind plaas op die 20ste Januarie 2018 en die eerste wedstryde op die 27 ste Januarie plaas. Die wintersportproewe sal die week van die 12de Februarie 2018 begin.

Kyk gerus in die Paratus van 2018 vir al die datums van die verskeie aktiwiteite.



KLEREBANKTYE

DATUM: 15 – 18 JANUARIE 2018